Hoërskool Marais Viljoen
Marais Viljoen High School

P/Sak/Bag X011, Alberton, 1450
h/v/c/o Bodmin & Cradock St, Alberante, 1449
epos/email: skollier@maraisviljoen.co.za; hilde@maraisviljoen.co.za
www.maraisviljoen.co.za GPS: S26°16.643′ E28°07.972′
(T): 011 869 2103 / 011 907 9013/4 (F): 011 869 5171

12 Mei 2017

Geagte Ouers / Voogde

OMSENDSKRYWE 13 (2017)

1. EKSAMEN – TWEEDE KWARTAAL

In omsendskrywe 12 is u meegedeel dat die eksamen hierdie kwartaal reeds op 29 Mei begin.

Vanaf Maandag, 26 Junie, is dit weer normale skool en sal in die klasse gewerk word. Leerders sal ook die geleentheid kry om hul eksamen-antwoordstelle te kontroleer en indien daar ‘n fout was, sal die nodige regstellings gedoen word. Leerders en ouers moet kennis neem dat daar skoolgebaseerde assessering(toetse) in hierdie laaste week afgelê sal word, wat vir die derde kwartaal gaan tel. Maak seker dat u nie vakansiereëlings tydens hierdie week tref nie, aangesien u kind nul sal kry indien ‘n doktersbrief nie ingehandig word nie.

2. SKOOLBYWONING GEDURENDE DIE EKSAMEN

Volgens departementele beleid moet al die leerders elke dag van die kwartaal by die skool wees. Dit sluit eksamentye in. Ons is dus nie by magte om die leerders toestemming te gee om by die huis te bly wanneer hulle nie eksamen skryf nie. Indien u as ouer egter verkies dat u kind by die huis bly om te leer op die dae wat hy/sy nie skryf nie, versoek ons u om ‘n brief te skryf, wat dan aan u kind se voogonderwyser gegee moet word. Slegs dan mag die leerder op u as ouer se verantwoordelikheid by die huis bly om te studeer op die dae wat hy/sy nie eksamen skryf nie.

3. HERREGISTRASIE 2018

Die herregistrasie van leerders word deur die Gauteng Departement van Onderwys vereis ten einde die skoolbestuur in staat te stel om die personeelvoorsiening vir die volgende jaar (2018) vas te stel, asook die begroting vir 2018 te finaliseer.
Dit is noodsaaklik dat die meegaande vorm voor of op 19 Mei 2017 (soos deur die Departement bepaal) aan u kind se voogonderwyser terugbesorg word.

Om te herregistreer moet u asseblief op die volgende let:

- Voltooi asseblief die registrasievorm volledig, insluitend leerderinligting.
  Ons vra u geduld met die voltooiing van die inligting van ouers / voogde by wie ’n leerder woon.
  Dit is vir ons belangrik om inligting jaarliks met ons bestaande inligting te kontroleer, aangesien talle ouers se besonderhede verander, sonder dat ons in kennis gestel word.

- Alle betrokkenes moet asseblief die vorm in die aangeduide ruimte teken.

4. NWU-PUKKE PRESTIGE SPORTREEKS

Soos u bewus is, het ons hierdie jaar vir die eerste keer aan die bogenoemde reeks deelgeneem. Ons is trots daarop om te kan sê dat beide A- en B-spanne aan die reeks deelneem en dat hulle uitslae dieselfde gewig het wanneer dit by die finale uitslae kom. Ons het met tye harde bene gekou en het waardige teenstanders gehad. Ons is baie trots op al ons leerders en afrigters.

Die finale uitslae is soos volg:

Seunshokkie	7de
Meisieshokkie	8ste
Netbal	5de
Landloop	8ste
Skaak	6de
Gholf	3de
Tennis	Gelyk 1ste
Rugby	8ste

Ons het ‘n algeheel 5de plek in die reeks verower.

Volgende jaar sal ons in ‘n poel met Lichtenburg, Jeugland en Hugenote wees.

Ons wil baie graag ook ons leerders en ouers bedank wat ons deurgaans ondersteun het. Ons sien uit na 2018!

5. NETBAL

Die volgende meisies het Gautengkleure vir Netbal verwerf:
o/14: Anushka Roos, Brooklyn Harvey en Sidney Coetzee
o/15: Sheneca Smith en Thando Ngcobo

Baie geluk, meisies!

6. TOP 10 EN AKADEMIESE SPAN

Graad 8	Graad 9	Graad 10
Brooklyn Harvey	Wian Botha	Elisma Sardaih-Duarte
Leone Greeff	Jenna Palm	Jeanelize van den Heever
Corne Jansen	Kyra Pieterse	Danielle Nigrini
Louise de Villiers	Done Cloete	Meghan Pretorius
Izelle Oosthuizen	Xavier Ramage	Cameron Uys
Megan Senekal	Kira Dyzel	Dewald Louw
Marinette Lok	Stefan du Plessis	Jenna Busscher
Carina Faria	Anize Visser	Anuske Prinsloo
Dehan Pretorius	Christiaan Bruwer	Michaela Risi
Francois Krause	Altan Bouw	Johannes Herbst
Graad 11	Graad 12	
Lourika van Nieuwenhuyzen	Eduan Bruwer	
Kaylee Koch	Leonie Grobler	
Roné Pretorius	Taylon Olivier	
Leander van den Berg	Venita van den Berg	
Kira Voges	Chané Houman	
Arina Collins	Justin Swart	
Buhle Ngcobo	Dirk Steinberg	
Miandri Bothma	Stefan Oosthuizen	

Gavin Harrison	Anne-Marie Joseph
Lihle Dube	Isabel Venter
Ntobeko Dlangamandla	Isabelle Vermeulen
Kamogelo Letsoalo	Marius Smit
Lucile de Villiers	Tenisha Roos
Kayla Esterhuizen	Abbigayle Higgs
Jennifer Shipley	Natasha van Rensburg
	Gareth Smith (R)

7. EERLIKE LEERDERS

Tristan Coetzee het ‘n selfoon opgetel en ingehandig. Baie dankie!

8. PROGRAM VIR DIE WEEK

Maandag 15 Mei	Hulpklasse: Gr 8 – 12 Rugby: GLRU-proewe Gholfliga Tennisliga: Seuns C & D vs Alberton Kooroefening	14:15 – 15:15 17:45 – 21:00	
Dinsdag 16 Mei	Hokkie: Seuns B-span vs Curro Serengeti		Weg
Woensdag 17 Mei	Graad 12-ekstraklas (k3) Skaakliga	14:15 – 15:00	
Donderdag 18 Mei	Graad 12-ekstraklas (k1) Netballiga vs Kempton	07:00 – 07:40	 Weg
Vrydag 19 Mei	Tennisliga: Meisies A vs Bracken Seuns A & B vs Bracken Hokkie: Seuns 1stes vs CBC Boksburg	07:00 – 08:00	 Weg
Saterdag 20 Mei	Rugby: Jeugland Hokkie: Seuns A- & B-spanne vs CBC Boksburg Meisies vs EG Jansen		Tuis Weg Tuis

Vriendelike groete

MARTIE HEYSTEK
SKOOLHOOF

LEIER IN VOLLEDIGE OPVOEDING